LIMPOPO
PROVINCIAL GOVERNMENT
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DEPARTMENT OF
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 2

SEPTEMBER 2017

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 70

TYD : 2 UUR

Hierdie memorandum bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

NASIENRIGLYNE

- As ’n kandidaat in AFDELING A, B, C en D **meer as twee die vrae** gedoen het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en ’n streep word deur die res getrek.

- As ’n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.

- As ’n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit as verkeerd aangedui. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

- Kontekstuele vrae:
  As ’n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar ’n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie. As JA/NEE gestel is moet motivering daarby aansluit om die punt te verdien.

- Nasien van WAAR/ONWAAR

  By vrae wat WAAR/ONWAAR vereis, word JA/NEE/VALS nie aanvaar nie.
  - WAAR/ONWAAR is KORREK plus die rede/motivering/aanhaling is KORREK = ✓
  - WAAR/ONWAAR is KORREK maar die rede/motivering/aanhaling is
  - VERKEERD = x
  - WAAR/ONWAAR is VERKEERD/ONTBREEK = x ongeag of dit die KORREKTE rede/motivering/aanhaling is.

  LET WEL: Hier word geen halfpunte toegeken nie. Die kandidaat kry 1 of 0.

- Indien die kandidaat antwoorde gee met Engelse woorde in, druk die Engelse woord toe en kyk of dit die antwoord beïnvloed. Indien nie, sien die antwoord na.

AFDELING A : ROMAN

VRAAG 1 KONTEKSTUELE VRAAG

Kringe in 'n Bos - Dalene Matthee

Nr.	Antwoord	Punt	Denk vlak
1.1	• Dit was sy veertiende verjaarsdag ✓ • en dit was vleis vir die mans wat moeg gewerk was. ✓	2	2
1.2	Hy wou sien of die gal werklik in die kop sit.	1	1
1.3	Dit sou bewys dat die gal wel daar sit.	1	3
1.4	Die regering het die vang van bloubokkies verbied.	1	3
1.5	Hy is nuuskierig/wil dinge self uitvind/ontdek/wil nie net glo wat ander vir hom vertel nie.	1	3
1.6	• Hy wou weet of die oom dit self gesién het✓ • en of hy maar glo wat andere sê. ✓	2	3
1.7	• Die grootmense lieg vir hom/glo die leuen ✓ • en kan dus oor ander goed ook lieg/verkeerd wees. ✓	2	3
1.8.1 1.8.2	MENING (**Geen punt vir mening nie**) Saul het die bloubokkie oopgekap en die gal op die normale plek gekry. ✓✓	2	4
1.9	Maska	1	1
1.10	Dit verwys na 'n spesifieke bos/die Knysnabos.	1	1
1.11	Hulle het gesê dat hy Jozef se seun doodgetrap het.	1	4
1.12	• Hy is lief vir Oupoot (is sy dier-broer) ✓ • en nou wil hy hom skiet. ✓	2	5
1.13	Dit voel asof hy in sy verlede terugstap.	1	4
1.14	• Hy wou wegkom van Knysna af ✓ • Hy wou wegkom van sy verlede af. ✓	2	1
1.15	Maska het hom vertel dat Oupoot geskiet gaan word.	1	2
1.16	D Saul se ma sterf. A Saul sien Oupoot vir die eerste keer. E Saul sien die dorp vir die eerste keer. B Jozef beskuldig Saul daarvan dat hy vir Harrison spioeneer. C Saul hoor gerugte dat daar goud in die Bos is.	5	3
1.17	Hy het gesien hoe sy pa verneder word OF hy sien dat die dorpsmense niks van hulle dink nie/op hulle neersien.	1	1
1.18	• Hulle is vuil/ ✓ • wild/onnosel. ✓ **(enige twee)**	2	3
1.19	Hy het nog net stories van die dorp gehoor/Hy het nie geweet wat om te verwag nie.	1	3
1.20	Hy wou eendag wegvaar na waar hy vry kon wees.	1	5
1.21.1 1.21.2 1.21.3 1.21.4	D Sterf aan die "godsiekte" A Familie van Arend B Soek vir goud C Bly in Saul-hulle se ou huis	4	1

[35]

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom - Marita van der Vyver

Nr.	Antwoord	Punt	Denk vlak
2.1	Tibo	1	1
2.2	Hy is ’n proefbuisbaba/In ’n laboratorium vervaardig.**(enige EEN)**	1	3
2.3	Dit beklemtoon Hanna se gevoel van minderwaardigheid/ontevredenheid met haarself.	1	3
2.4	Lae selfbeeld	1	5
2.5	Hy is net deel van ’n groter geheel/prentjie/bestaan nie op sy eie nie.	1	3
2.6	Armoedige woning/oud/verwaarloos. **(enige EEN)**	1	3
2.7	• Twee ouers met geen vaste inkomste nie. • Ses gesinslede en met ’n baba op pad. • Mana het ’n ateljee nodig om te skilder. **(enige TWEE)**	2	2
2.8.1	Martelkamer	1	1
2.8.2	Dit is die vuilste kamer in die huis/Seuns speel rowwe speletjies en maak mekaar soms lelik seer. **(enige EEN)**	1	1
2.9	Verwysing na Tafelberg.	1	4
2.10	Daar is te veel mense, diere en geraas/Sy het stilte nodig.	1	2
2.11	Die huis is net so vreemd soos sy inwoners. **(Of soortgelyk)**	1	5
2.12	Sy twyfel daaroor/Sy dink nie dis moontlik nie/Hulle kan dit nie bekostig nie. **(Of soortgelyk)**	1	4
2.13	Dis hoe jongmense praat./Dis getrou binne die konteks van die verhaal.	1	4
2.14.1 2.14.2 2.14.3 2.14.4 2.14.5	C Speel met *Action man*-poppe A Verlief op Sharon B Ma bly in Amerika E Baie vrygewig D Hanna se beste vriendin	5	2
2.15	Dis agterlik/net vir armoedige mense/pas nie by iemand soos Sharon se luukse lewe nie. **(enige EEN)**	1	3
2.16	Sy het dit by haar ouma in die Karoo gesien.	1	3
2.17	Nederigheid/beskeidenheid/respekvol teenoor ouer mense. **(enige EEN)**	1	5
2.18	Hy is bang sy sal haar neus optrek.	1	3
2.19	• Sy vertel mooi stories. • Sy sing snaakse liedjies. • Sy bak lekker brood. • Sy kan nie goed lees nie. **(enige DRIE)**	3	1
2.20	Sharon is nie ’n snob nie/sy weet wat ’n longdrop is.	1	3
2.21	Sharon: uitgesproke/selfversekerd/welgesteld/mooi Hanna: skaam / selfbewus / armoedig / gewoon **(enige TWEE)**	2	3
2.22	sterk verbeelding✓ / ingewikkelde gesinslewe ✓	2	3
2.23	Sy is nie modieus soos haar pa nie. ✓	1	4
2.24	Onkonvensionele gewoontes / Dra grimering / Moffie / Peroksiedhare / kleredrag. **(enige TWEE / Of soortgelyk)**	2	3

Totaal [35]

VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Meeulanders - Esta Steyn

Nr.	Antwoord	Punt	Denk vlak
3.1	Jacob	1	1
3.2	Ryna	1	1
3.3.1	Hy het Skalla (met ’n mes) doodgesteek.	1	1
3.3.2	• Skalla het vir Janka raakgeskiet. ✓ • Hy het Skalla gehaat oor dinge van lank gelede. ✓	2	2
3.3.3	Jacob het in woede opgetree a.g.v. sy liefde vir Janka / die kwade gevoelens tussen die twee mans. **(enige EEN)**	1	3
3.3.4	Vyf jaar	1	1
3.4	Beskerming / Bevryding / Heling / Verlossing **(enige EEN)**	1	3
3.5	Die pyn kan dan in die takke (van die boom) ingroei.	1	1
3.6	• Die normale druk is die storielyn. ✓ • Die skuinsgedrukte teks is dagboekinskrywings. ✓	2	4
3.7.1 3.7.2 3.7.3 3.7.4	Attie is baie handig (help graag). Janka het lekker gelag toe sy die eerste keer ’n pikkewyn sien. Daniel is nog ’n kind / klein soos ’n sardyn. Donovan se pa het ’n bokkomfabriek.	4	3
3.8.1	Camilla Calvin	1	2
3.8.2	Wil wegkom van verlede / Wil verlede uitwis	1	3
3.9.1	Toe hy deur die venster kyk, het hy ’n seemeeu sien duik.	1	2
3.9.2	• Hy sien Ryna as ’n moederlike persoon / • Ryna sorg vir ander. **(enige EEN of soortgelyk)**	1	4
3.10.1	Ousanna	1	2
3.10.2	Doreen (Bindeman)	1	2
3.10.3	Sheila (Blanckenberg)	1	2
3.10.4	Die boodskap dat Veronica (Kinnie) Fred (haar man) se kind verwag.	1	5
3.11.1 3.11.2 3.11.3 3.11.4 3.11.5	C Kry tronkstraf weens kreefsmokkel E Jannerik se blinde suster A Eienaar van Bindeman Vissery B Onderwyseres by Salamander-Suid D Schalk (Skalla) se ma	5	3
3.12	• ’n Mens verwag dat iets wat die naam Express het, vinnig is, ✓ • maar ’n stootkar is baie stadig. ✓	2	3
3.13.1	Henning van Hagen (Vincent se rekenmeester)	1	5
3.13.2	• Skalla ✓moes • vir Ryna doodmaak. ✓	2	2
3.13.3	• Ryna het geweet dat Skalla en Henning by haar man se dood betrokke was✓ • en Henning was bang dat Ryna die polisie na hom sou lei. ✓	2	5

[35]

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lien se lankstaanskoene – Derick van der Walt:

Nr.	Antwoord	Punt	Denk vlak
4.1	Die wyn is tans die middelpunt van Christien se lewe / haar centrepiece.	1	3
4.2	✓ ’n Stukkie kaas, ✓ twee Tupperware-bakkies met iets onbekends in, ✓ drie tamaties, ✓ ’n halfleë Rama-bakkie en ✓ ’n sakkie melk **(enige 3)**(Die wyndoos - centrepiece is nie kos nie.)	3	1
4.3	✓ Ritueel.	1	2
4.4.1 4.4.2	• FEIT (geen punt) • “daar is nie grys gare ✓in die amper leë trommeltjie nie en sy moet maar ’n blouerige kleur ✓ gebruik” **(2 of niks)**	2	3
4.5	✓ Dis lirieke/woorde van ’n liedjie wat gesing word.	1	4
4.6	✓ Haar pa	1	3
4.7	✓ Sy skeep die kosmakery af en eet self niks; ✓ sy val met klere en al op die bed neer en snork; ✓ sy versorg nie haar kinders se klere nie. ✓ Lui - sy sal waarskynlik nie môre gaan werk nie; **(enige 2)**	2	2
4.8	D Suurpruim A Wag by die telefoonhokkie B Help met huiswerk C Handig met sy hande	4	2
4.9	✓ Sy kan goed klavier speel.	1	1
4.10.1 4.10.2	✓ Lien is krities en bevooroordeeld. **(Of soortgelyk)** ✓ Dis hulle spreektaal. Dis hoe tieners praat **(Of soortgelyk)**	1 1	5
4.11.1 4.11.2	✓ Dit verwys na haar bedelaarskoene / skoene wat sy dra terwyl sy bedel. ✓ Juf. Breytenbach se rekwisietekamer.	1 1	3
4.12	Departement van Binnelandse sake	1	3
4.13	Tannie Bets se woonstel het die beter uitsig. / het beter uitkyk oor die lewe (meer ervaring. **(Of soortgelyk)**	1	4
4.14	bedelaar	1	2
4.15	✓ Lien se ma het dronk voor die skool opgedaag met die motor ✓ Dit was vir Lien ’n verleentheid en gewonder wat haar maats van haar gaan dink. **(Of soortgelyk)**	2	5
4.16	Hy het Lien se ma in die motor gehelp / terug woonstel toe bestuur Lien gehelp om haar ma in die woonstel te kry. **(Enige twee)**	2	3
4.17	Sy is trots en sal haar nie aan ander mense steur nie / niks sal haar onderkry nie. (enige twee)	2	3
4.18.1	✓ By die laerskool	1	2
4.18.2	✓ Kuifie / Gerhard / ✓ Predikant / Dominee **(Enige een)**	1	2
4.19	• Lien, het jy ’n oomblik? / Lien, is jy haastig, kan ek jou spreek asb?/ • Lien, kan ek ’n oomblik met jou praat? **(enige een, of soortgelyk)**	1	3
4.20	Sy is verward / deurmekaar / gemengde gevoelens / weet nie wat om te dink nie **(Of soortgelyk)**	2	5
4.21	Sy het die juffrou onderskat. **(Of soortgelyk)**	1	3

TOTAAL AFDELING A: 35

AFDELING B : DRAMA

VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

Poppie – die drama - Elsa Joubert en Sandra Kotzé

Nr.	Antwoord	Punt	Denk vlak
5.1	Stone	1	1
5.2	Die mense wat die meisie (weeskind) grootgemaak het.	1	3
5.3.1 5.3.2	Dat Bonsile hul dogter swanger gemaak het. ✓ Hulle is veertig rand betaal. ✓	2	4
5.4	Personifikasie	1	5
5.5	Trein, ✓ vragmotor / (lorrie) ✓	2	1
5.6	• Uitsig op Tafelberg / rou grond, • Stukke sement / lang gras. • Groentetuin / rou grond **(Enige twee)**	2	3
5.7	D Tritagonis	1	2
5.8.1 5.8.2 5.8.3	• Mdantsane • skoonfamilie • Mosie	3	3
5.9	Sy kan nie in die Kaap aanbly nie, want sy is getroud met ’n man van die Ciskei.	2	1
5.10	Na die Ciskei na haar skoonmense.	2	1
5.11	Haar skoonmense woon in ’n trustdorpie met klein hutjies. Daar is nie plek vir haar en haar 5 kinders nie.	2	4
5.12	Sy wou ’n **huis** ✓hê en ’n **skool** ✓vir haar kinders.	2	3
5.13	Poppie moes al geboorte aan haar kind gegee het – die baba was laat.	1	4
5.14	Haar verblyf is van **twee weke**✓ na **twee maande**✓ verleng.	2	3
5.15.1 5.15.2 5.15.3 5.15.4 5.15.5	E – Stone A – Ouma Hannie B – Nyanga C – Jakkie D – Langa	5	2
5.16	Poppie voel dat haar familie haar agtergelaat het. **(Of soortgelyk)**	1	5
5.17	Die Apartheidsera	1	1
5.18.1 5.18.2 5.18.3 5.18.4	Inspekteur Mev. Swanepoel Mev. Swanepoel Pas	4	3

[35]

VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

Paljas - Chris Barnard

Nr.	Antwoord	Punt	Denk vlak
6.1	C leeu	1	1
6.2	D motoriese moment	1	2
6.3.1 6.3.2	ONWAAR (Geen punt) • Hy het Willem weer laat praat. • Die McDonalds kommunikeer weer. • Hy het die McDonaldgesin weer nader aan mekaar gebring. • Hy het die McDonalds en die gemeenskap nader aan mekaar gebring. (Enige drie)	3	3
6.4	D Nollie val langs Emma met sy fiets. C Frans sê vir Katrien dat hy op haar verlief is. B Die dominee praat baie streng teen duiwelsaanbidding. A Die nar word uit die kerk gejaag. E Die McDonald-gesin se venster word met klippe gebreek.	5	3
6.5	• Hy voel dat hy nie sukses in sy werk kan behaal nie ✓ • en dat hy nie sy gesin kan gee wat hulle wil hê nie. ✓	2	5
6.6.1	Emma	1	1
6.6.2	• Bertie het haar teen die trok vasgedruk ✓ • terwyl sy een hand besig was om onder haar rok te vroetel. ✓	2	2
6.6.3	Nollie het Bertie geslaan.	1	1
6.6.4	Hulle het ’n knertsie / brandewyn saam geniet**. (Of soortgelyk)**	1	1
6.7.1 6.7.2 6.7.3 6.7.4 6.7.5	B Bly in skuur C ’n Boer van die omgewing D Bakleierige persoon E Verlief op Emma A Praat te veel	5	3
6.8	Manuel	1	1
6.9	Vergelyking	1	5
6.10	Hulle is arm / Hulle sukkel.	1	5
6.11	grapmaker / kunstig / lief vir kinders / goedhartig / opreg. **(enige TWEE)**	2	1
6.12	Sy sien hoe ongelukkig haar ma is en wil nie dieselfde ongelukkigheid beleef nie. ✓ Sy wil nie in ’n ongelukkige huwelik vasgevang word nie. ✓	2	1
6.13	’n Konsertina	1	1
6.14.1	Die Volstruisdans is ’n baie deftige / statige geleentheid ✓ en ’n mens verwag nie hierdie tipe gedrag by so ’n geleentheid nie. ✓	2	5
6.14.2	Hulle is met tamaties / eiers/ klippe gegooi.	1	2
6.14.3	Kandidaat se eie opinie, bv. Ek stem nie saam nie, want dis Kinderagtig / ’n mens los nie jou probleme só op nie.	1	4
6.14.4	• Hy het hulle by sy huis ingenooi. • Hy het vir hulle ’n drankie geskink. • Hy het hulle genooi om saam met hulle te dans. **(enige EEN)**	1	4

[35]

VRAAG 7: KONTEKSTUELE VRAAG

Fiela se kind - Dalene Matthee

Nr.	Antwoord		Punt	Denk vlak
7.1	C. eksposisie		1	3
7.2	Die mis is donker en ondeursigtig en dit skep die indruk dat iets onheilspellends gaan gebeur/slegs gaan gebeur.		1	3
7.3	Hy ervaar die Bos as ’n plek waar geluk maar skaars is.		1	3
7.4	Die huis is substandaard en dit is gedurig klam en nat.		1	3
7.5	✓ Elias is ’n **lui** man. ✓ Boonop is hy **agterbaks**, want hy sal selfs sy vrou bedrieg.		2	3
7.6	✓ Barta voel onrustig.		1	3
7.7	✓ Elias glo ’n mens kan ryk word deur **olifante te jag** en ✓ hulle **ivoor** aan die skepe te verkoop.		2	1
7.8	Sy is vir Elias nog mooi.		1	1
7.9.1 7.9.2 7.9.3 7.9.4	Willem Kristoffel Nina Lukas		4	2
7.10	Ja, want haar optrede is tipies van ’n besorgde moeder. Nee, want sy is melodramaties. **(Enige gepaste verduideliking wat aanpas by Barta se gedrag.)**		2	5
7.11	Nee, want hy moet eerder ook bekommerd wees oor die kind wat weg is en na die kind gaan soek. **(Enige gepaste verduideliking.)**		2	5
7.12.	Sensusopname		1	1
7.13	Kind wat nie jou eie is nie maar soos jou eie grootgemaak word.		1	3
7.14	Die Lange beskou vir Fiela en Selling as minderwaardig en onbelangrik; daarom ignoreer hy hulle name		1	4
	Komoeties (Tabel A)	**Van Rooyens (Tabel B)**		
7.15	A Liefdevol	A Werk soos slawe	6	3
	B Met respek	B Sonder respek - mishandel		
	C Omgee - Christene	C Selfsugtig – elkeen vir homself		
7.16	d. David a. Tollie b. Kittie c. Emma		4	2
7.17	A. Nie familie nie		1	1
7.18	Nee, want alle mense, ongeag hulle velkleur, behoort gelyk te wees. Ja, want in die era waarin die drama afspeel, was dit vir bruin mense beter om maar die minste te wees as hulle iets gedoen wil hê.		1	4
7.19	*mister* Goldsbury		1	1
7.20	Dit dui handeling aan / Dit wys vir die regisseur wa die skoonmaker moet doen. **(enige EEN)**		1	1

TOTAAL AFDELING B: 35

AFDELING C : KORTVERHALE

VRAAG 8: Die r*oep van die vleikuiken - deur Margaret Bakkes*

Nr.	Antwoord	Punt	Denk vlak
8.1.1 8.1.2 8.1.3 8.1.4 8.1.5	C Nina E Sy ma B Jaap A Sy pa D Sy broer	1 1 1 1 1	1
8.2	B - Hiëna wat klaend blaf C - Leeu wat grom E - Buffels wat steun	3	1
8.3	• Die verhaal begin in die hede, met ’n jong wildbewaarder ná die 1ste staptoer.✓ • Dan dink hy terug na sy ongeluk en hoe sy ma hom bygestaan het. ✓	2	3
8.4	• Hy was bewusteloos / • Hy was in ’n koma en het nie die pyn gevoel nie. **(Of soortgelyk)**	1	1
8.5	Limpopo	1	1
8.6	(Kort **voor)** sy (**matriekeksamen**✓) / (In die **jaar)** waarin hy in **matriek**✓ was. **(Enige een)**	1	2
8.7	b.	1	3
8.8	Klink soos die gehuil van ’n babatjie wat in die bos gelaat is.	1	3
8.9	Die **regte vrou** sal sy **liefde vir die natuur** ✓met hom kan deel. / ’n Vrou wat **vir hom lief** is sal **vir hom wag**✓. **(Enige een)**	1	5
8.10	• 4 maande in gips en kon nêrens gaan nie / niks doen nie. ✓ • Sy sê dat hy verander het. ✓ • Sy sien nie kans vir so ’n befoeterde ou nie. ✓ **(Enige twee)**	2	1

(18)

Oom Dries se sorge met Jantjie - Felicia Goosen

Vraag	Antwoord	Punt	Denk vlak
8.11	Driefontein	1	3
8.12.1 8.12.2	Derdepersoonsverteller ✓ Hoofkarakter ✓	1 1	3
8.13	d. ’n Groep vriende kuier lekker op ’n plaas toe Groot Dawid uit frustrasie ’n bobbejaanwyfie skiet. ✓ c. Oom Dries druk die trietsige vaal lyfie in sy dik baadjie se sak. ✓ b. Oom Thysie protesteer omdat oom Dries die bobbejaantjie op Driefontein wil grootmaak. ✓ a. Oom Dries bou vir Jantjie ’n swaai, bedags speel hy op die werf ensaans slaap hy voor die Aga. Maar soos hy grootword groei die probleme.✓	4	3
8.14	✓ Hierdie is ’n moderne kortverhaal oor dinge wat moeilik is om te verklaar./ ✓ Hierdie kortverhaal probeer moeilike dinge verklaar. **(Enige een)**	1	5
8.15.1	Oom Thysie het vir Jantjie gaan skiet.	1	4
8.15.2	Albei ooms begin Jantjie sien na sy dood./-glo hulle sien ’n spook. **(Enige 1)**	1	
8.16.1 8.16.2	Om mens te laat wonder oor die bonatuurlike - is daar spoke? ✓ Jantjie verskyn nie meer nie, maar oom Dries mis hom tog. ✓	1 1	5
8.17	Ja / Nee. **(Geen punt)**. Motivering moet by die standpunt aansluit. ✓	1	4
8.18	Om baie vinnig te hardloop.	1	3
8.19	Oom Dries het die bobbejaan gered toe sy ma geskiet is. ✓ Bobbejaan het twee van Oom Dries se vingers afgebyt. ✓	2	4
8.20	diere wat in die natuur hoort	1	3

(17)
[35]

Kopiereg voorbehou

AFDELING D: GEDIGTE

VRAAG 9: KONTEKSTUELE VRAAG

By die robot in Eerstelaan - Marita van Aswegen

Nr.	Antwoord	Punt	Denk vlak
9.1.1	• letterlik.	1	3
9.1.2	• "Want 2 pare voete girts oor die teer" ✓ / • in strofe 1 is daar 2 mense ✓ / • die bedelaar en die "tsotsi" loop oor die teer. ✓ **(Enige een)**	1	3
9.2	Sy hele liggaam is seer gestaan. Sy arms en nek is styf. Hy moet die hele dag staan. Sy bene is lam. Hy moet gelei word. Hy volg die persoon wat hom lei (gedwee). **(Enige twee)**	2	1
9.3	Assonansie.	1	1
9.4	"knars" / "klingel" **(Enige een)**	1	1
9.5	"hy ruik die vis-en-tjipswinkel van eerstelaan"	1	3
9.6	Hy koop waarskynlik bier want sy asem ruik na bier.	1	3
9.7	• Hy is bang die tsotsi sal hom by die robot los. • Hy is bang hy sal nie weer sy lêplek of huis kry nie. • Hy is bang dat hy omgery kan word. **(Enige twee)**	2	1
9.8	• Dis dof (soos party blindes se oë lyk.) ✓ • Dit bewe (wat aandui dat hy bang is.) ✓	2	3
9.9	Sy sokkie is stukkend.	1	1
9.10	• Dit word afgedraai. / • Ruit/venster word oopgemaak. **(Enige een)**	1	1
9.11	• Die tsotsi word met 'n slang vergelyk /Tsotsi sis as hy praat.✓**Enige een** • Metafoor✓	1 1	1
9.12	• Arm mense / • mense wat swaarkry / • gestremd is, word maklik uitgebuit deur ander. **(Of sootgelyk)**	1	5

(17)

Die boodskapper - Peter Snyders

Vraag	Antwoord	Punt	Denk vlak
9.13	Die geliefde	1	1
9.14	"speels", die aandster wat "knipoeg" **(enige een)**	1	1
9.15	• Personifikasie. ✓ • Die aandster is "speels" ✓ • en vir die spreker lyk dit asof die ster vir hom "knipoog". ✓	3	4
9.16	Hy verwag nie 'n antwoord op die vraag nie. (Hy hoop net dit was regtig 'n knipoog van die meisie.)	1	1
9.17	C. Venus.	1	1
9.18	Hy kies Venus, want dit is die "helderste ster" ✓,/ maar seker ook omdat Venus die Romeinse godin van liefde is. ✓ **(Enige een)**	1	4
9.19	Sy moet net haar hand uitsteek en sy boodskap "afhaal".	1	3
9.20	" djy's"	1	1
9.21	"Dis die briefie met die soentjie op die omslag."	1	3
9.22	Vrye vers	1	1
9.23	C. Eerste drie strofes is kwatryne en die laaste een 'n tersiene	1	4
9.24	Sy is net die spoed van 'n gedagte weg van hom. **(Aanhaling is ook reg)**	1	3
9.25	Dit dui aan dat 'n verduideliking volg (van wat dit is wat sy moet afhaal as sy haar hand uitsteek.)	1	3
9.26	Albei woorde staan aan die einde ✓van die versreël. **/** agterplasing. Daar is (tipografiese) inkeping✓ voor die begin van hierdie twee versreëls Albei versreëls is baie kort. ✓ (Die leser sien dus dadelik die twee woorde raak.)	3	3

(18)

TOTAAL AFDELING D: 35

GROOTTOTAAL: 70

Kopiereg voorbehou